

Inhoud Hierdie preek wys dat goddeloses gewelddadig optree teen gelowiges omdat hulle goed doen. Die rede vir hierdie geweld is om die onderskeid wat God maak tussen offers wat mense vir Hom gee en die offer wat Hy vir mense gee, sy eie Seun, te vernietig. God se offer wat Hy gee maak sondaars en hul liefde vir God weer goed. Mense se offers vir God maak God die afgod van hul eiemagtigheid. Goddeloses en hul geestelikes sal hierdie onderskeid wat God maak tussen wie Hy goed laat wees deur sy offer en hoe mense hulle self vir God goed maak deur hulle offers, met geweld gelykmaak in hierdie wêreld. Daarom straf hulle gelowiges wat goed doen, as mense wat sleg is, om te wys hul God sal hul nie anders laat wees as wat hulle is nie, en God sal in hierdie wêreld net die afgod wees wat hulle Hom wil hê. Hy sal nie die God wees wie Hy homself vir sy kinders maak nie.

Skriflesing 1 Joh. 3: 11 -17, 5: 1 – 5; Joh. 7: 6 – 8; Gen. 4: 1 – 9.

Teks 1 Joh. 3: 12 b. “En waarom het hy hom vermoor? Omdat sy dade sleg was en sy broer sin reg!

Tema Goddeloses haat God omdat God hul dade sleg verklaar en sy kinders sin reg

1. Hoekom het Kain vir Abel vermoor?

Volgens die openbare mening van die moderne gemeenskap sal die volgende redes aangegee word vir hierdie moord:

- Dit kom uit Kain en Abel se kinderjare! Kain se ouers het hom as kind verkeerd behandel, gekrenk en getraumatiseer. Hulle het hom anders behandel as Abel en daarom het Kain vir Abel vermoor.
- Dit gaan oor Abel se godsdienstige aanstellerigheid waarin hy homself beter teenoor Kain gesien het en Kain verneder het met sy godsdienstige hoëvaardigheid dat hy vir God beter is as Kain. Abel se godsdienst was die rede hoekom Kain hom vermoor het.
- Dit is oor Kain 'n depressielyer was. daar staan mos duidelik in Genesis 4 vers 4 dat Kain bedruk en kwaad was. Aggressie, neerslagtigheid en gesukkel met woedebeheer is duidelike simptome van depressie, en dit was in só 'n depressietoestand dat Kain vir Abel vermoor het. Hy was psigiatries siek.

Kain sou volgens die moderne openbare mening nooit só iets gedoen het nie as Abel en sy ouers Kain nie daartoe aanleiding gegee het nie. Hulle kinderverwaarlosing en Abel se godsdienstigheid en onbegrip vir broer se depressie het veroorsaak dat Kain vir Abel vermoor het.

2. Die kinders! Julle weet baie beter hoekom Kain vir Abel vermoor het. Dit gebeur elke dag met julle by die skool. Wat weet elke kind van graad 1 tot 7 wat gaan met

Goddeloses haat God omdat God hul dade sleg verklaar en sy kinders sin reg

jou gebeur as jy altyd beter doen in jou skoolwerk as jou maats, as jy altyd oor die tagtig persent kry en hulle net so by die 40 persent?

Hulle gaan jou foeter en boelie met woorde en vuiste!

Hoekom? Nie omdat jou ouers hulle seergemaak het, jy te godsdienstig is of hulle almal depressielyer is nie. Hulle gaan jou voeter en timmer omdat jy goed doen en hulle sleg doen. Dit is so eenvoudig as wat dit is. Wanneer jy goed doen met jou skoolwerk, wys jy hulle doen sleg omdat hulle lui is en nie hard wil werk nie. En daarvoor gaan jy gefoeter, getimmer en geboelie woord?

Kyk wat sê die Woord van die Here, hoekom het Kain vir Abel vermoor! “En waarom het hy hom vermoor? Omdat sy dade sleg was en sy broer sin reg!

3. In hierdie verklaring van Johannes word die gedagtes en gevoelens van goddelose mense se opvatting oor die wêreld openbaar. Hulle koppe sien en hul harte voel só oor mense: mense doen goeie dinge omdat hulle sleg is, daarom is dit mense wat goed doen se slegtheid wat die oorsaak is van die kwaad wat mense goeie mense aandoen.

Hoekom het Kain vir Abel vermoor volgens hierdie goddelose mensbeskouing? Omdat Kain diep in homself eintlik 'n baie goeie mense was wat net diep seergemaak was en mishandel was deur Abel se ouers en Abel se skynheilige godsdiens!

Kain het Abel vermoor omdat Kain 'n goeie mens is en Abel en sy ouers slegte mense is. Daarom het Kain eintlik net Abel om hom sy verdiende straf te gee vir sy slegtheid. Dit is goddeloses se mens en wêreldbeskouing: goeie mense behoort gestraf te word vir hoe sleg hulle eintlik is.

4. Ek wil graag vir 'n staaltjie vertel wat 'n sendeling van Giyani my vertel het net 'n paar jaar na ek hier in Levubu begin het. Hy het saam met van sy kerkraadslede van Giyani na Tzaneen gery deur die oop vlaktes waar die veld elke jaar afgebrand, al die bome afgekap word en die bokke alles tot in die grond afvreet. Naby Tzaneen verander alles toe hulle in die 3 meter hoë piesangbome, die mango-, avo- en papajabome van die landbougemeenskap inry. Hy wou hulle aandag vestig op die misbruik en verwaarloosing van grond en die regte benutting en ontwikkeling van grond en het hulle toe gevra of hulle die verskil gesien het van hoe alles lyk toe hulle tussen die boere ingery het.

Die verrassende opmerking van die kerkraadslede was: God sal nog hierdie mense straf vir wat hulle alles het! God sal hulle laat plunder en besteel en laat moor vir wat hulle alles het, want alles wat hulle het, het hulle van ander mense gevat!

Goddeloses haat God omdat God hul dade sleg verklaar en sy kinders sin reg

En net voor u mag dink dit is 'n verskil tussen wit en swart, dit is presies hoe die hele sosialistiese wêreld van Europa tot in Amerika mense en die wêreld sien: mense is welaf omdat hulle ander mense se geleenthede en geld gesteel het!

Mense wat goeddoen is sleg en moet gestraf word vir die goeie wat hulle doen, want dit is eintlik sleg. Daarom foeter en boelie kinders ander kinders wat goeie punte kry en eendag hulle dokters, advokate, aptekers, rekenmeesters en hulle kinders se onderwysers gaan wees, want hulle is eintlik sleg, dit is hoekom hulle goed doen.

Maar dan kom God in sy Woord en openbaar die waarheid van goddeloses se boosheid: Kain het vir Abel vermoor omdat sy eie dade sleg was en dié van sy broer reg was. Die 1953 vertaling stel die verskil as boos teenoor regverdig.

God openbaar die waansin wat die krag van hul geweld is: hulle is boos. Hulle boosheid is nie een of ander demoon nie, maar die lewenshouding om goedheid en hulle wat goed doen te straf omdat dit sleg is om goed te wees.

5. Die Here het Abel se offer aangeneem en Kain s'n verwerp. Dit is wat Kain so kwaad maak vir Abel: dat God 'n onderskeid maak in offers wat hy aanvaar en offers wat Hy verwerp.

Het God teen Kain gediskrimineer en hom verontreg?

Die Here sê uitdruklik vir Kain dat daar ook vir hom blydschap wag as hy goed doen. Die Here waarsku hom teen die gewel wat hy wil pleeg. Die aard van Kain se geweld gaan oor God wat 'n onderskeid in offers maak. Deur Abel dood te slaan, wys Kain dat hy God se onderskeid in offers wat goed en offers wat sleg is sal wegvat en God só dwing om alle offers te aanvaar. Dit is die bedoeling van sy geweld: God sál alle offers as dieselfde aanvaar!

In die Ou Testament is daar net twee verskillende soorte offers: die offers wat goddeloses vir afgode geoffer het en die offers wat die volg van die Here geoffer het.

Die offers van die volk van die Here was nie iets wat hulle vir God gegee het wat God nodig sou gehad het nie. Die profete het deurgaans gewys dat God nie bakkies, duiwe en beeste as kos wou hê nie en dat jy nie vir God iets kan gee wat nie aan hom behoort nie. (Ps. 50: 7 – 16) Die offers was tekens wat God aan sy volk gegee het sodat hulle in die offers kan sien dat God sal die offer, priester en heiligheid gee vir hul sonde wat hulle self nooit kan gee nie. Dit was tekens van die offer van die Christus wat God vir hulle sal gee, nie offers wat hulle vir God gee wat god tevrede moet maak nie.

Die offers van goddeloses aan hulle afgode was hoe hulle hul afgode tevrede gestel het deur vir hulle vergoeding vir hul sondes te gee. Dit is met die minagting, God sal

Goddeloses haat God omdat God hul dade sleg verklaar en sy kinders sin reg

vat wat ek gee en hy moet tevrede wees met wat ek gee. Dit was ook met die minagting vir God dat jy Hom met offers die stil en tevrede God maak wat teenoor jou eie drifte en begeertes stil is. Offers vir afgode was om hul stil te hou sonder enige wette wat goddeloses pla. (Exodus 32)

6. Die verskil tussen Kain se graanoffer en Abel se diereoffer gaan nie oor God eerder diere as graanoffers wil hê nie. Dit gaan ook nie oor die regte en goeie lewe van die een wat die offer bring nie. Die verskil tussen graan en diere het gegaan oor die verskil tussen die heidennasies van Palestina wat landbouers was en die Israeliete wat aanvanklik met die intog veeboere was. Graanoffers was sinoniem met die offers van goddeloses aan hul afgode teenoor die diereoffers van Israel wat net tekens was van die offer wat God sal gee, in jou plek sodat jy nie self vir jou sondes geoffer word nie.

Kain vermoor vir Abel omdat hy woedend is dat God nie die afgod wil wees wat Hy God maak met sy offers nie, maar die God is wat nie met offers van mense tevrede gestel word omdat Hy die stilgod van hul sondige drifte is nie. Deur Abel dood te slaan wys hy God sál sy offer aanvaar en die stil afgod wees wie hy god maak. God sal nie die God wees wat 'n onderskeid maak in offers wat mense Hom mee te vrede stel en offers wat God gee wat mense nie kan gee nie.

7. Dit is presies die aankondiging wat die Here Jesus maak oor die offer wat Hy vir God die Vader sal bring deur sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding in Joh. 7: 6 en 7: die wêreld sal Christus haat vir wat Hy met sy offer gaan openbaar.

Christus verklaar teenoor sy broers wie nie geglo het Hy is die Christus nie, dat enige godsdienstige fees vir hulle reg en goed is, maar dat daar net een fees is waarvoor Hy gekom het, en dit is die Paasfees waarin hy die offer vir sonde sal wees. (Joh. 7: 1 – 9)

Vir hierdie offer sal hulle en die wêreld Hom haat!

Hulle sal hom nie haat omdat Hy hulle met die wet van God vir hulle sondes sal veroordeel of aankla nie (Joh. 5: 45 – 47; Christus het nie gekom om sondaars te veroordeel nie, maar om sondaars van die oordeel van God te red. (Joh. 3: 17)

Nou waarom sal mense Christus haat vir die offer wat Hy bring sodat hulle nie veroordeel word nie?

Want Christus se offer maak alle mense se offers, net soos Kain s'n slegte offers! Christus se offer wys die boosheid van mense se offers vir God vir hul sonde! Christus wys met sy offer op sý fees, die Paasfees waartydens hy die Paaslam is, (Joh. 1: 29; 19:36) dat mense se offers op hulle feeste maak van God net nog 'n

Goddeloses haat God omdat God hul dade sleg verklaar en sy kinders sin reg

afgod van hul godsdienstige en geestelik eiemagtigheid teenoor God. (Joh. 2: 16, 20)

8. Kain het vir Abel vermoor om die verskil wat God maak tussen offers wat vir hom aanneemlik is en offers wat hy verwerp, met geweld weg te vat.

Met hierdie moord het hy gewys dat God sal vat wat hy kry en God maak mense soos Kain nie sondaars met die offer wat Hy as God vir sondaars gee nie. Offers is goddeloses se mag om God tevrede te kry, God stil te kry, God die afgod van hul drifte te maak en God in te pas in hulle goddelose lewe, planne en doelwitte as hul “eie god”.

Met offers wys goddeloses hulle is goeie mense al doen hulle slegte dinge. Daarom haat hulle dit dat God ’n offer gee wat wys hulle is slegte mense wat slegte dinge doen en nooit goeie offers vir God kan gee omdat hulle goeie mense sou wees nie.

’n God wat wil onderskei tussen slegte offers en aanneemlike offers sal hulle gelyk maak aan hulle afgode deur hulle wat deur sy offer goed doen, uit die weg te ruim en net soos hulle te maak.

9. Doen ons nog goed?

Leef ons nog met innerlike genoegdoening oor wie ons is en wat ons elke dag doen: Ek doen goed? Die effek van die wyse waarop ons elke dag geestelik en polities geboelie word, is dat ons hierdie gedwee lewenshouding al ingeneem het: “ons is maar net so sleg soos al die ander mense.”

Hierdie lewenshouding is nie vroom nie. Dit is gewoon net ongelowig. Die apostel Johannes stel in sy brief 1 Joh. 5: 1 – 5 “Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie, want enigene wat ’n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?”

Christus laat ons in hierdie lewenshouding en oortuiging deel: ons mag God liefhê en weet ons liefde vir God is goed.”

Hoe kan ons liefde vir God goed wees?

Deur die offer van Jesus Christus waardeur Hy ons in sy liefde as eerste liefde insluit (1 Joh. 4: 10) en deur sy eerste liefde ons vir god laat lief wees. (1 Joh. 4: 19)

Hierdie liefde wat Hy in deur sy offer vir ons sonde, (1 Joh. 4: 10; 2: 1, 2) is vir God goed en reg, met al die foute, gebreke en tekortkominge in hierdie liefde.

Goddeloses haat God omdat God hul dade sleg verklaar en sy kinders sin reg

Daarom leef ons as die Here met hierdie innerlik geloofsoortuiging: ek en my lewe is vir God goed, deur my geloof in Jesus Christus. Ons doen vir God goed. Dit is hoe ons leef!

10. Die kinders!

Hoe beskerm jy jouself teen kinders wat jou gaan boelie wanneer jy goed doen in jou skoolwerk?

Jy onderpresteer! Jy sorg doelbewus dat jy nie in jou skoolwerk goeddoen nie, sodat jy nie kan uitstaan as iemand wat goed doen en beter doen as die ander kinders nie. Al kan jy goed doen, al kan jy beter doen, doen jy dit nie!

Anders gaan Kain vir Abel doodslaan!

Hoekom gaan ons wat toegewyd is om kos in die land te produseer, se grond deur die regering vir die massas gevat word sonder vergoeding?

Volgens hulle is dit om ons te straf vir hoe sleg ons is? Hoe is ons sleg deur kos te produseer in 'n land waar daar maklik hongersnood kan wees? Omdat ons goed doen! Dit is die werking van die drifte van goddeloses: om hulle wat goed doen te straf omdat hulle goed doen. Daardeur wys hulle almal is ewe sleg!

Hoekom word ons geroof, gemoor en geplunder?

U moet die gemoed van hierdie goddeloses kan peil om u werklike posisie in hierdie nuwe goddelose gemeenskap te kan vind! U moet weer hoor wat daardie kerkraadslede vir die sendeling van Giyani gesê het: "God sal nog hierdie mense straf vir wat hulle alles het." Ons word geroof, gemoor en geplunder omdat ons goed doen!

Hoekom gaan ons mediese fondse geroof en geplunder word? Ons gaan gestraf word omdat ons sleg is en nie wil transformeer nie! Hoekom is ons sleg? Omdat ons goed doen, deur al hoe armer te leef, maar nog steeds mediese fondse te betaal!

Doen ons goed of sleg wanneer ons die geloofsoortuiging en lewenshouding handhaaf dat God seksuele verkeer bedoel het binne die huwelik vir een man met een vrou? Dit is volgens god se woord goed! Maar vir hierdie goedheid gaan ons in hierdie goddelose land tot in die konstitusionele hof voor gestraf word. Waarvoor? Omdat ons goed doen.

Dit is hoekom Kain vir Abel vermoor het, om alle goedheid wat God eer uit die weg te ruim sodat God die afgod sal wees wat moet vat wat hy van mense kry.

Goddeloses haat God omdat God hul dade sleg verklaar en sy kinders sin reg

11. En wat sê die kerk?

Hulle sê Abel en sy ouers moet hul verkeerde optrede teen Kain erken, bely en daarvoor jammer wees want dit is die oorsaak hoekom Kain hulle met moord gestraf het.

In die hitte van plaasmoorde het van die NG Kerk se sogenaamde leiers in die wandelgange van sinodes vir mekaar gestel en bevestig dat dit die boere is wat hulle arbeider so swak en onmenslik behandel wat die oorsaak van hul moorde is! Kan u dit hoor? Boere word vermoor omdat hulle dit verdien weens hulle swak behandeling van hul arbeiders! Die NG Kerk se bestuur het met die begin van grondeise hul self teenoor hul eie lidmate opgestel as die fasiliteerders wat hulle weens die onregte van apartheid sal begelei om hul grond as offer vir die sonde van apartheid op te gee.

Grondeise is die straf vir boere weens hulle slegtheid!

Watter kerk is dit wat só en hier sy stem laat hoor: julle is die oorsaak van die geweld wat julle tref!

Dit is die kerk wat van god 'n afgod maak met hul offers. Dit is die geestelikes wat God sal tevrede stel deur hulle hart, hulle lewe, hulle persoon en hul eiendom vir God as offer te gee. En dan moet hy dit stil God wees wat vat wat Hy kry.

Dan moet Hy die God wees wat elke drif wat hierdie goddelose kerk ervaar, regverdig as ware liefde. Hy moet die God wees wat alle menslike slegtheid as goedheid sien en daarom die God word wat mense vir hul goeie dade moet straf.

Met hierdie drif waarin ons vir geestelikes gestraf moet word omdat ons goed doen en goed leef, sal hulle god wys Hy sal hulle nie met die offer van Jesus Christus uitwys as slegte mense wat nie uit hul eie goed kan wees en goed kan doen nie. Deur ons te straf vir wat ons goed doen deur ons geloof in Jesus Christus, sal hulle die offer wat God gee en die toewyding wat Hy aanvaar vernietig in hierdie wêreld, hul goddelose wêreld.

12. U as ouers id elke dag besig om u kinders te motiveer om na hul vermoë te presteer en hul self innerlik te sterk teen die kinders wat hulle boelie omdat hulle goed doen, sodat hul kan aanhou goed doen.

Nou hoe kan u dan as gelowiges met hierdie geloofsoortuiging en lewenshouding gaan leef: ons is maar almal op ons eie manier ewe sleg, ons en goddeloses; ons verdien die geweld teen ons omdat ons nie mag beter wees as goddeloses nie.

Goddeloses haat God omdat God hul dade sleg verklaar en sy kinders sin reg

Ons moet innerlik breek met hierdie gedwee houding wat goddeloses en geestelikes in ons in boelie: ons moet aanvaar ons word met geweld geteister omdat ons dit verdien!

Hoekom het Kain vir Abel vermoor?

Omdat sy dade sleg was en sy broer s'n goed! Ontdek hoe goddeloses u teister omdat God u lewe en liefde vir Hom goed maak en as goed aanvaar! Hulle sal God nooit toelaat om dit vir en met ons te doen nie. Hulle wil Christus net nog 'n afgod maak wat mense se offers sal aanvaar soos hulle dit gee, en nie sy offer wat Hy gee hulle as slegte mense laat uitmaak nie. Daarom sal hulle ons met gewels gelykmaak as net soos sleg soos hulle.

Kom ons staal onself met die oproep van die apostel Petrus teen hierdie redelose geweld teen ons weens die Here wat ons liefde vir Hom goed maak en goed laat wees: "Daarom moet dié wat ly omdat God dit wil, hulle lewe toevertrou aan die getroue Skepper, en aanhou goed doen." (1 Petrus 4: 1)

Kom ons verwerp hierdie valse geloof en gedwee houding wat goddeloses en die geestelikes van die valse kerk van hierdie wêreld in ons wil in boelie in die naam van hul afgode: ons het die geweld wat ons tref self veroorsaak en ons verdien dit!

Kain het vir Abel vermoor omdat sý dade sleg was en sy broer s'n rég!